



Landsdiens - Land Service

Suid-Kaap Landsdiens

NUUSBRIEF

Dade
Nie
Woerde



UITGawe 6

2019-08-31

LANDSIENS SUID-KAAP

Dagsê
Suid-Kaap
Landsdieners
Hier is ons tweede
nuusbried vir
2019.

Onthou hierdie
nuusbried word
elke kwartaal na al
die skole in Suid-
Kaap Landsdiens
gestuur.

Onthou hierdie
nuusbried sal ook
op Suid-Kaap se
sosiale media-
blaarie beskikbaar
wees.

'Like' ons by Suid-
Kaap Landsdiens



'Follow' ons by
suidkaaplandsdiens



Baie geluk aan ons 11 leerders wat
gekies is om Suid-Kaap Landsdiens
aan die einde van die jaar by die
Nasionale Kamp in Noord-Wes te
verteenvoerdig. Maak ons trots!!

LANDSDIENS—LAERSKOOL OUTENIQUA BESOEK DIAS MUSEUM



Die Landsdienslede van Laer-
skool Outeniqua het die Dias
Museum in Mosselbaai ge-
durende Mei be-
soek. Dit was 'n
baie interessante,
leersame en unieke
ervaring.



In hierdie uitgawe

Landsdiens so-
siale media en
Dias museum 1

Map of Africa 2

Pyl en boog 2

Handwerk, Bota-
niese Tuin en
Leeupark 3

Volwasse beraad 4

Map of Africa te Wildernis



Suid-Kaap Lansdiens speel in hul eie agterplaas toeris. Gedurende Junie besoek 'n klomp landsdieners van die streek die 'Map of Africa'.



Herholdsbaai 2019

**“Hoe mik mens
met ‘n pyl en
boog?”**



Pyl en boog

Een van Lansdiens Suid-Kaap se oud-lede en nasionale kamper, Theo Ferreira is 'n nasionale kampioen met pyl -en boogskiet. Hy het gedurende die Provinsiale kamp te Herholdsbaai die kampers kom touwys maak met sy eie pyl-en boog stelle. Aan die

begin het dit maar moeilik gegaan. Sommige kinders kon skaars die boog se snaar terug trek, maar met bietjie oefening het meeste van die deelnemers groot sukses behaal. Daar is tot kompetisie geskiet deur na balonne te mik.

Zavannah Pretorius het die dogters se naam hoog gehou en die manne “outwit, outlast and outshoot” in hierdie kompetisie.

Handwerk: Ons maak voëlvoerders

Die manne wys hul
sagter kant met
pragtige voëlvoer
ders.



Met musiek in ons ore en Juffrou Alicia wat vir ons touwys maak, het daar heelwat kreatiewe oomblikke plaasgevind en is pragtige voëlvoerders vir suikerbekkies gemaak.


Besoek aan die Leeu- en Reptielpark



Ons leer baie oor slange en leeus gedurende die besoek aan die Leeu- en reptielpark. Die Wes-Kaap het van die strengste wetgewing in die wêreld met die aanhou van groot katte. Hierdie tweeling witleeuus smul heerlik aan hul ontbyt.



Besoek aan die George Botaniese Tuin



Tydens ons besoek aan die Botaniese Tuin leer ons baie oor inheemse- en uitheemse bome. Die biodiversiteit tussen die plante, voëls en diere is duidelik te sien in hierdie beskermde area. As mens stil stap verras tot duikertjies en ander bokkies jou skielik tussen die ruigtes.

Die proteas en ander fynbos het heelwat inheemse voëls gelok en oral het voëlsang ons betower. Die Botaniese Tuin het ook die pragtigste kruietuin in die vorm van 'n doolhof. Net wat ons nodig het om ons eie kruietuine by skole te begin.





LANDSDIENS SUID-KAAP

Tel : 044 691 1020

Sel: 082 795 3136

Suid-kaap@landsdiens.co.za



Kyk hoe lyk die Landsdiens volwassenes as hulle uithang!

‘Road trip’ na Amanzi Private Game Lodge.



Dave Pepler en Daniel de Kock

Water is lewe

Volwasse Beraad 2019

Gedurende die langnaweek van 8—11 Augustus 2019 vertrek ses van Suid-Kaap se volwassenes na die Landsdiens Volwasse Beraad te Amanzi Private Game Lodge. Na amper tien ure se ry arriveer ons laat die Donderdagaand by ons bestemming.

Wat ‘n wonderlike ervaring. Die Saterdag was definitief die hoogtepunt toe versleie bekendes ons kom toespreek het.

Dave Pepler van Groen op Kyknet het ons laat krul van die lag, maar het ook sewe wonderlike lewenslesse aan ons geleer.

Hanna Grobler het met ons al haar werkzaamhede kom deel wat sy met Hanna Charity doen.

Daniel De Kock, dominee en bekende kopdokter lewer ook ‘n inspirerende praatjie wat almal van ons oor die lewe laat dink met ‘n lag en traan in die oog.

Al die volwassenes word die Saterdagaand ook bederf met ‘n heerlike dinee by die “Game Lodge”. Wie sou nou ooit kon dink dat die landsdiens tannie en ooms so mooi kan “press en dress”



Hanna Grobler saam met Tannie Elize en Amanda, Landsdiens se PRO.

